NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# PASTORALE BRIEF

# AUGUSTUS 2022

## SPREUKE (VI): GOEIE RAAD

"Uiterlike skoonheid hou nie, 'n mooi voorkoms is nie alles nie;
as sy die Here dien, dán verdien 'n vrou om geprys te word. "
Spreuke 31:30

Ons lewe in 'n wêreld waar die uiterlike voorkoms vir mense baie belangrik is. Dalk het jy self al voor die spieël gestaan en heimlik gewens dat jy darem net 'n klein bietjie meer aantreklik gelyk het, en die sakke vol geld wat mense spandeer om hulleself net bietjie meer aanvaarbaar te laat lyk, spreek boekdele. Natuurlik is dit ook nie heeltemal verkeerd nie! Dis tog nie tot eer van die een wat jou gemaak het, as jy nie jouself mooi versorg nie.

Maar natuurlik is uiterlike voorkoms nie die belangrikste nie – om mee te begin, is dit baie tydelik, herinner die Spreukeskrywer ons. As van jou gesê word: "Daar is baie knap vrouens, maar jy oortref hulle almal!" is seker een van die wonderlikste goed wat enigiemand kan hoor.

Maar wat is dit dan nou, wat van enigiemand (man of vrou) se lewe iets besonders maak? Nie in die eerste plek die lang lys van voortreflikhede waarvan Spreuke 31 praat – wat genoeg is om enige mens minderwaardig te laat voel! – nie. Nee, die antwoord lê in die vyf woordjies wat ons hierbo aanhaal: "As sy die Here dien..."

Kom ons vergeet dus die hoë eise wat ander (en soms jy self ook!) aan jou stel. Die lewe gaan nie daaroor nie! Die enigste ding wat werklik saak maak, is of jy regtig die Here dien. Dit maak jou 'n Koningskind, 'n geliefde van die Here. En dís mos besonders! Dan verdien jy om geprys te word, staan hier.